Direkteur Begeleiding

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton

Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

2 Junie 2010

Vir aandag: Leraars en belangstellendes lidmate,

Voortgesette Bedieningsontwikkeling

Groot Oos-Kaapse Predikante-Byeenkoms : 2-4 Augustus 2011
ROEPING EN BEDIENING: ONTVANG, ONTGIN, ONTPLOOI

Geagte kollegas,

As Oos-Kaapse predikante is ons 'n vriendekring wat weer 'n slag moet saamkuier, en mekaar as groot groep beter moet leer ken. Daarom hou ons in Augustus 'n groot predikante-byeenkoms. Die bedoeling is ook dat ons versterk word deur 'n ontmoeting met die lewende God. Dr Coenie Burger kom aan die hand van sy nuwe boek, *Waar is Jesus?*, elke dag so 'n uur met ons gesels oor die teenwoordigheid van die lewende Jesus in ons bediening. Voorts gaan ons prosesmatig werk. Deur te fokus op die plot van die Bybel, wil ons verder ons lewe, roeping en bediening in God vind. Ds Marie Britz van die Studentegemeente op Stellenbosch fasiliteer die proses.

1. TEMA: Roeping en Bediening: Ontvang, Ontgin, Ontplooi

Hoe weet ons dat ons bediening inpas by God se plan met God se wêreld? Teoloë wys daarop dat God se drama van verlossing uitspeel in ses bedrywe:

- Bedryf 1: Skepping en gemeenskap
- Bedryf 2: Krisis, val in die sonde
- Bedryf 3: Die verhaal van Israel
- Bedryf 4: Jesus se bediening
- Bedryf 5: Die geskiedenis van die kerk
- Bedryf 6: Voltooiing van die verlossing, nuwe hemel en aarde

Hoe weet ons ons bediening pas by God se plan in? Ons is tans in Bedryf 5, met die eerste 4 bedrywe agter ons en bedryf 6 voor ons, besig om alreeds in die wêreld in te breek. Ons skryf saam met God aan Bedryf 5. Dit is noodsaaklik dat bedryf 5 inpas by die ander bedrywe. Daaroor gaan ons besin.

Eerder as om lesings oor die onderwerp te ontvang, gaan ons in 'n veilige omgewing hieroor nadink aan die hand van Godsvrae:

- God gee my vir ...;
- God roep my om ...
- God vorm my deur ...

- God daag my uit ...
- God stuur my om ...;
- God stuur ons na ...

Ons fokus in hierdie sessies op 'n geloofsonderskeidende luister na die Bybel, ons lewe, en mekaar en stel ons in om God se wil prakties te onderskei. Ons wil ons saam oopstel om die roeping en bediening wat God vir ons gee, te *ontvang*, dit te *ontgin* en optimaal te *ontplooi*. Ons doen dit biddend in die oortuiging dat Vader, Seun en Heilige Gees ’n duidelike oortuiging hieroor by ons sal laat groei.

Insette sal ook gemaak word oor Jesus se teenwoordigheid (Coenie Burger), ons roeping, beoefening van geestelike gewoontes, gedeelde taal en saamwees, pastor-wees, en begeleiding.

2. PRAKTIESE BESONDERHEDE

Plek:	Sumcay Konferensiesentrum,
Roete:	Indien jy navrae het oor die roete kan jy Sumcay by 041 933-3159 skakel. Die kampterrein lê op die pad tussen Uitenhage / Despatch en Swartkops, baie naby aan Despatch. Klik hier vir ’n kaart.
Aanbieder:	Dr Coenie Burger, ds Marie Britz
Datum:	Dinsdag, 2 Augustus om 10:30 tot Donderdag, 3 Augustus, om 14:00
Fooi:	**R540** per persoon wat twee nagte te Sumcay oorbly. **R410** per persoon wat elders oornag.
Etes:	Ingesluit: Ontbyt op 3 en 4 Augustus, middagetes van 2-4 Augustus en aandetes van 2-3 Augustus - sien die program.
Verblyf:	Jy kan by Sumcay konferensiesentrum oornag, of jou eie verblyf reël. Ons beveel aan dat deelnemers te Sumcay oornag.
Reiskoste:	Die reiskoste is ’n reëling tussen jouself en jou kerkraad. Sommige ringe het aansoek gedoen vir ringsprojekfondse om leraars te subsidieer - kontak jou ringskriba in hierdie verband.
VBO-Punte:	Bywoning van die hele byeenkoms verdien 20 punte. Persone wat ’n verslag aan jou kerkraad van 600-1000 woorde indien vir plasing op ons webblad oor die wyse waarop jy hierdie kursusinhoud integreer in jou bediening, verdien ’n bykomende 10 VBO-punte.
Bring saam:	Jou leerbare self, notaboek en pen.

3. PROGRAM

Dinsdag, 2 Augustus

10:00 – 10:30	Registrasie, Koffie / Tee
10:30 – 13:00	Sessie 1
13:00 – 14:00	Middagete
14:00 – 15:30	Sessie 2
15:30 – 16:00	Koffie / Tee
16: 00 18:00	Sessie 3
18:00	Aandete

Woensdag, 3 Augustus

08:00	Ontbyt
09:00 – 10:30	Sessie 4
10:30 – 11:00	Koffie / Tee

11:00 – 13:00 Sessie 5
13:00 – 14:00 Middagete
14:00 – 15:30 Sessie 6
15:30 – 16:00 Koffie / Tee
16:00 – 18:00 Sessie 7
18:00 Aandete

Donderdag, 4 Augustus
08:00 Ontbyt
09:00 – 10:30 Sessie 8
10:30 – 11:00 Koffie / Tee
11:00 – 13:00 Sessie 9
13:00 Middagete

4. REIS EN VERBLYF

VBO-reiskoste is - soos besluit tydens Sinode 2007 - ‘n aangeleentheid tussen die kerkraad as werkgewer en die leraar. In hierdie geval mag ringe ook ‘n bydrae lewer, of die volle koste dra. Die aanbeveling van die sinode is dat die kerkraad die leraar vergoed vir sy/haar reiskoste.

‘n Aantal ringe het ringsprojekte geregistreer om behoeftige gemeentes rondom VBO by te staan, ooreenkomstig die wenk wat ons verlede jaar gegee het. Jy kan dus navraag by jou ringskriba doen, indien nodig.

Sien julle!

Danie Mouton
Direkteur Begeleiding

VBO : GROOT PREDIKANTE-BYEENKOMS :
ROEPING EN BEDIENING: ONTVANG, ONTGIN, ONTPLOOI
2-4 Augustus 2011

Inskrywingsvorm

Sluitingsdatum: 28 Julie 2011
Faks die voltooide vorm na 0865 860 623, of
e-pos na db@ngkok.co.za

Naam en Van: _____

Adres: _____

Tel en Sel: _____

E-pos en Faks: _____

Merk:

Slaap oor te Sumcay	**Eie verblyf**
R540.00	R410.00

(Etes is in beide gevalle ingesluit by die registrasiekoste)

Betaling ingesluit: **R540.00 / R410.00 pp**

_____

(Middagetes is ingesluit)

Inskrywings:

Rig inskrywings aan:
Die Direkteur Begeleiding
Posbus 34842
NEWTONPARK
6055
Faks: 0865 860 623
E-pos: db@ngkok.co.za

Direkte Bankinbetalings:

ABSA	Tjekrekening
Naam:	NG Kerk in Oos-Kaapland
Rekening nr:	290 581 192
Takkode:	500-517
Verwysing:	***VBO Roeping + [Jou Van]***

Stuur u inbetalingstrokie asb saam met u inskrywing, en **onthou asb die verwysing**